

Sing vooraf staande: Psalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewo.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 3 (p. 146)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die Here alleen bly wag.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 119:1 (p. 585)

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.

Skriflesing: Hebreërs 12

Teks: Hebreërs 12:2; Kategismus Sondag 11

...die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. (Hebreërs 12:2 AFR1953)

In Hebreërs 11 gee die Here vir ons 'n soort van 'n heldegalery waar ons voor ons geestesoog 'n klomp van die helde van God se koninkryk kan sien.

- Die rede waarom die Here die klomp helde so vir ons opnoem, is sodat ons kan sien hoeveel manne al voor ons in die geskiedenis gemartel is tot die dood toe.
- En die belangrike ding is dat hulle bly glo het totdat hulle doodgemaak is.

Ons het hierdie mense as 'n hele wolk van getuies rondom ons – as't ware 'n pawiljoen vol geloofshelde.

- Waarom? Sodat hulle vir ons 'n voorbeeld van volharding mag wees!
- Spesifiek dan 'n voorbeeld van volharding in die geloof waarin ons ons oë op die Here Jesus as die Bewerker en Voleinder van die geloof gevestig hou.

Ons gee in hierdie leerpreek aandag aan die volgende dinge wat baie belangrik is:

1. **Ons moet met geestelike oë na die Here Jesus kyk.**
2. **Ons vestig ons hoop op die Here Jesus om ewige teleurstelling te voorkom.**

1. **Ons moet met geestelike oë na die Here Jesus kyk.**

Een van die misterieë in die Christelike godsdiens is dat die Heilige Gees ons leer om dinge in die geestelike wêreld te kan sien en waarneem.

- Dis moeilik vir 'n mens om geestelik te kan kyk, want ons is baie sterk aan uiterlike en sigbare dinge vasgemaak.
- Iemand wat nie deur God die Heilige Gees tot geloof gebring is nie, kan nie die ding verstaan dat mens ook geestelik kan sien nie.
- Daarom moet ons besef dat as die Bybel sê ons moet na die Here Jesus kyk, beteken dit beslis nie dat ons met liggaamlike oë na Hom moet kyk en Hom so raaksien nie.

Die Here wil hê dat ons in die geloof dinge moet weet en aanvaar – só sterk dat dit is asof ons dit met ons oë voor ons kan sien.

- Ons moet die Here Jesus in die geloof kan sien soos wat die Here Hom in die evangelie van sy verlossing aan ons openbaar – waaragtig God en waaragtig mens.
- Ons moet Hom kan sien as die Een wat ons help in nood.
- Ons moet Hom kan sien as die Enigste Een wat ons kan versterk en troos as ons pyn en lyding deurmaak.

Dis 'n soort van sien wat eintlik ook dieselfde is as geloof – soos wat die Bybel leer in Romeine 1:17:

Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. (Romeine 1:17 AFR1953)

Let op die woorde: *uit geloof tot geloof*. Dis waaroor dit gaan!

Ons moet in die geloof kan sien en weet dat Jesus die Seun van God is.

- Ons moet weet en glo dat as ons opsien na Hom, ons opsien na God self, want Hy is niemand anders nie as God self.
- Ons moet kan sien en glo dat Hy alleen ons salig maak.

Maar ons moet ook die kruis teen die luglyn bokant Golgota kan sien.

- Ons moet kan glo en sien dat deur daardie kruis daar vir ons vergifnis van sondes en versorging in ons daaglikse lewe voorsien is.
- Ons moet kan sien hoe daar uit sy dood vir ons die ewige lewe geskenk is deur God die Vader.

Om na die Here Jesus te kyk beteken dat ons Hom moet volg.

- Dis baie moeilik om die Here Jesus te volg, want sommige mense verstaan daaronder dat die Here Jesus die groot voorbeeld van lydsaamheid is – ons kan net gered word as ons ly en swaarkry.

Die waarheid is dat die feit dat ons die Here Jesus moet volg, nie beteken dat ons alles agter Hom moet aandoen nie. Die skape doen tog nie al die dinge wat die herder doen nie!

- Ons kan nie miniatuursaligmakers wees soos wat die Here Jesus is nie. Ons kan niemand verlos nie.
- Ons kan ook nie ter wille van enige iemand ly sodat daardie persoon gered word nie.

Nabootsing van die Here beteken nie noodwendig dat ons Hom volg nie!

- Om die Here Jesus te volg, beteken dat ons ons deur Hom laat lei.
- Dit beteken dat ons ons eie sondes laat wegval en dat ons aan Hom en sy opdragte gehoorsaam is.
- Dit beteken ook dat ons Hom vertrou – Hy weet wat Hy doen met my lewe en ek weet dat Hy alles ten goede vir my beskik.

Ons moet die Here Jesus se liefde vir ons vertrou. Sy liefde oor ons is juis dat Hy ons verseker dat Hy aan die kruis 'n vloekdood gaan sterf het sodat ons nooit uit sy genade uitgehaal kan word nie.

2. **Ons vestig ons hoop op die Here Jesus om ewige teleurstelling te voorkom.**

Watter soort dinge gebruik ons om ons vertrou op te stel? En wat beteken die woord *vertrou* vir baie van ons?

Meestal is daar dinge op die aarde waarop ons vertrou.

- In die Here se tyd het die Jode byvoorbeeld 'n groot deel van hulle vertrou gestel op mense soos Elia, Moses en Abraham. Vir hulle het hulle veiligheid vir die hiernamaals in hierdie mense gelê.
- Hulle het ook fisiese dinge gehad, soos die tempel en hulle land wat vir hulle waarborge van hulle veiligheid moes wees.

Dis egter baie vals om jou vertrou op mense te stel.

- Daarom sal dit niks help om ons vertrou op hierdie *wolk van getuies* wat die Here in die Hebreërbrief opnoem, te stel nie.
- Hulle self het hulle saligheid in die geloof by God gaan soek. Omdat hulle niks vir hulleself kon doen nie, is hulle ook geen waarborg vir ons saligheid nie.

Die opsomming is dus dat enige aardse ding waarop ons ons hoop vir verlossing – veral dan die ewige verlossing – stel, teleurstel. Dit deug nie.

Dis waarom die Here ons oproep om ons oë op die Here Jesus te vestig. Ons moet Hom aanneem met 'n opregte en met 'n waaragtige geloof.

- God openbaar dat die Here Jesus die Verdieners is van ons saligheid. Hy het dit begin en voleindig.
- Die grond vir ons saligheid berus suiwer in die offer wat Hy aan die kruis gebring het.

Die Here openbaar in sy Woord dat die Here Jesus self die pad na die ewige verlossing by God is. Hy noem Homself die Weg.

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR1953)

Die Here Jesus bid vir ons – en in hierdie gebed stel Hy baie duidelik wat Hy met ons doen:

Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee

wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
(Johannes 17:20-22 AFR1953)

Dink ook aan die Here se woorde vir Petrus:

En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders versterk. (Lukas 22:31, 32 AFR1953)

Die groot troos vir elkeen van ons is natuurlik dat die Here gekom het om mense wat deur die sonde verblind is, se oë oop te maak sodat hulle sy werke kan sien en Hom as God kan sien en aanbid. Dink maar net aan Jesaja se woorde:

Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; (Jesaja 61:1 AFR1953)

En ook aan die woorde in Psalm 106:

Dink aan my, o HERE, na die welbehae in u volk, besoek my met u heil, 5 dat ek kan aanskou die geluk van u uitverkorenes, dat ek bly kan wees in die blydschap van u volk, my kan beroem met u erfdeel. (Psalms 106:4 AFR1953)

Ons lees saam wat in die Heidelbergse Kategismus Sondag 11 geskryf staan:

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

Vraag 30: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4..(b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 April 2011